* 0000800000001 * DFD

Cambridge Assessment International Education

# Cambridge IGCSE™

CANDIDATE NAME

CENTRE NUMBER

CANDIDATE NUMBER

* 0 9 7 5 7 7 2 4 8 7 *

**AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE** **0548/01**

Paper 1 Reading and Writing **October/November 2025**

**2 hours**

You must answer on the question paper.

No additional materials are needed.

**INSTRUCTIONS**
- Answer **all** questions.
- Use a black or dark blue pen.
- Write your name, centre number and candidate number in the boxes at the top of the page.
- Write your answer to each question in the space provided.
- Do **not** use an erasable pen or correction fluid.
- Do **not** write on any bar codes.
- Dictionaries are **not** allowed.

**INFORMATION**
- The total mark for this paper is 60.
- The number of marks for each question or part question is shown in brackets [ ].


This document has **16** pages. Any blank pages are indicated.

DC (CJ/CB) 349486/2
© UCLES 2025

## Oefening 1

Lees die artikel oor papegaaie wat video-oproepe maak en beantwoord dan die vrae wat volg.

### Papegaaie maak video-oproepe



Troeteldier-papegaaie wat video-oproepe aan ander papegaaie maak, voel gelukkiger, volgens ’n Amerikaanse studie.

Soms raak troeteldier-papegaaie mos eensaam en verveeld. Hulle lewe nie in groot swerms soos papegaaie in die natuur nie, en dit kan tot hierdie probleme lei. Simptome is dat hulle aanhoudend heen en weer loop en hul liggame heeltyd vorentoe en agtertoe beweeg.

“Video-oproepe help baie mense om minder eensaam te voel wanneer hulle alleen en ver van familie en vriende is. Daar is 20 miljoen papegaaie in Amerika wat in mense se huise woon. Ons wou uitvind of video-oproepe ook goed is vir papegaaie,” het die leier van die ondersoek, dr. Yvette Nel, vertel.

Gedurende die studie het die papegaaie ’n tablet gebruik om video-oproepe te maak. Hierdie oproepe is deur die eienaars opgeneem. Die papegaaie moes ’n “vriend” kies deur met hul snawel aan een van verskeie foto’s van ander diere en mense te raak. Dit het die oproep laat begin. Die eienaars het notas gemaak van presies wat die voëls doen. Wetenskaplikes het later na die video-opnames gekyk en bevind die meeste papegaaie het ’n ander papegaai as vriend gekies. Die papegaaie het altesaam 147 oproepe aan ander papegaaie gemaak.

Meer as 1000 uur se opnames van papegaaie wat ander papegaaie bel, is deur die span wetenskaplikes bestudeer. Hulle het uitgevind dat dit inderdaad goed is vir die papegaaie om kontak met ander papegaaie te hê.

Volgens dr. Nel het dit gelyk of die papegaaie verstaan dat hulle kontak met ander papegaaie maak, want hulle het gedoen wat voëls doen wanneer hulle saam met ander voëls is. Hulle het meer sosiaal geraak.

“Ek was verbaas oor hoe die papegaaie opgetree het. Party het gesing, ander het gespeel en onderstebo gehang. Party het hul vere met hulle bekke glad gemaak, terwyl ander hul speelgoed vir die voël aan die ander kant van die skerm wou wys.”

Dr. Nel het bygevoeg: “Aan die einde van die studie moes die eienaars terugvoering gee, wat waardevol was. Almal wat deelgeneem het, stem saam dit was ’n uiters leersame ervaring en hulle wil dit beslis in die toekoms weer saam met hul papegaaie doen.”

Een eienaar het opgesom wat al die ander eienaars voel: “Ek is so bly ek kon my papegaai help om gelukkiger te raak. Ek sal alles vir haar doen. Dit is tog my verantwoordelikheid.”

Die resultate van hierdie ondersoek het die span wetenskaplikes aangemoedig om te bepaal of video-oproepe ook ander troeteldiere kan help.

Uit: *The Guardian*, 21 April 2023

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

1 Noem ’n probleem wat troeteldier-papegaaie soms het.

.......................................................................................................................... [1]

2 Wat wou dr. Yvette Nel en haar span ondersoek?

.......................................................................................................................... [1]

3 Hoe begin ’n papegaai ’n video-oproep?

.......................................................................................................................... [1]

4 Watter vriend het die papegaaie meestal gekies?

.......................................................................................................................... [1]

5 Wat was dr. Nel se reaksie op die papegaaie se gedrag tydens die ondersoek?

.......................................................................................................................... [1]

6 Hoe het die eienaars dr. Nel en haar span ondersteun? Noem **drie** dinge.

..........................................................................................................................

..........................................................................................................................

.......................................................................................................................... [3]

[Totaal: 8]

© UCLES 2025

**Oefening 2**

Lees die artikel oor die sportsoorte waaraan vier jongmense (**A–D**) deelneem. Beantwoord dan die vrae.

**My sport**

**A Mia**

Vandat ek kan onthou, trek my ma haar drafklere aan sodra sy van die werk af kom en verdwyn vir ’n uur terwyl my pa aandete voorberei. Toe ek twaalf was, het ek saam met haar begin draf. Ons draf nou nog saam, gedurende die week in die middag en naweke in die oggend. Net soos my ma, geniet ek die roetine van daaglikse oefening. Eintlik is ons baie dieselfde. Ons drafroetes is almal in die natuur – na die koppie buite die dorp, na die botaniese tuin, of na die park hier naby as ons tyd min is. As ek sê draf is veral goed vir my geestesgesondheid klink dit seker soos ’n cliché, maar dit is regtig so. Terwyl ek draf, dink ek na oor my skooldag, beplan my lewe, werk deur probleme, besin oor verhoudings. Draf help my beslis om gebalanseerd te lewe.

**B Siya**

Dit is my droom om eendag nie net aan ’n Grand Slam-tennistoernooi deel te neem nie, maar om dit te wen. En nie net een keer nie, maar sommer baie keer. Soos jy kan sien, droom ek baie klein! My oupa se beste vriend was ’n wêreldkampioen-tennisspeler, en ek en my tweelingbroer het ons eerste tennisrakette by hom gekry. Baie mense sê sport is terapeuties, maar vir my is dit ’n oorlog wat ek wil wen. Ek en my broer is wel opponente, maar ook mekaar se grootste ondersteuners. Al is ons nie in dieselfde skool nie, speel ons albei in ons skole se eerste span. Jy moet net sien hoe ons twee ons spel en ons bewegings ná ’n wedstryd krities ontleed! Ons beplan saam aan verskillende strategieë en toets dit op mekaar. Ek wil die beste speler in die wêreld word, maar is nog net amper die beste speler in ons gesin!

**C Shanaaz**

Sokker is my lewe! My ma spot my gereeld dat my heel eerste woord nie “mamma” was nie, maar “bal”. Dit wys sokker is in my bloed. Vir my is sokker kuns en die pragtigste spel op aarde. Ek is seker party sokkerspelers sal goeie balletdansers maak, want albei is grasieus. As ek nie op die veld ons doelhok verdedig nie, is ek by my rekenaar, want ek speel graag sokkerrekenaarspeletjies teen my spanmaats – net vir die pret. ’n Bonus vir my is die kameraadskap wat daar tussen die spelers in ’n span is. Ons speel saam, werk saam, lag saam en huil saam. Ons sal enige iets vir mekaar doen. Een persoon wat ons nie mag vergeet nie, is die afrigter. Sy is ’n mensekenner wat weet hoe om elke speler haar potensiaal te help bereik. Ons sal deur vuur loop vir ons afrigter, en vir mekaar.

**D Trevor**

Ek is die enigste in my gesin wat skaak speel en is ernstig oor my sport. Party mense wonder waarom skaak as ’n sport beskou word, maar volgens die Internasionale Olimpiese Komitee is dit beslis ’n sport. Waarom? ’n Skaakspeler moet kan fokus en moenie maklik tou opgooi nie. Skaak is ook hoogs mededingend, vereis spesifieke vaardighede en het duidelike reëls. Vandat ek begin skaak speel het, het my konsentrasie definitief verbeter. Dit het ook die manier waarop ek dink, verbeter. Ek doen nou beter op skool. Vir ’n skaakspeler is dit belangrik om fiks te wees, daarom draf ek elke tweede dag. Boonop sit ons lank stil, dus is dit noodsaaklik om te beweeg. Ek speel in die skool se skaakspan, maar dit is ook opwindend om aanlyn teen ’n robot te speel. Dis soos ’n skaakles, want jy leer baie nuwe strategieë wat jou help om beter teen menslike opponente te speel.



DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

**Skryf vir elke vraag die korrekte letter A, B, C of D in die spasie.**

**Watter persoon …**

**Vraag 7**

**(a)** beskryf sport se positiewe invloed op skoolwerk? ................. [1]

**(b)** aard na ’n ouer gesinslid? ................. [1]

**(c)** gebruik ’n rekenaar om beter te speel? ................. [1]

**(d)** vertel hoeveel hulle spanlede vir mekaar beteken? ................. [1]

**(e)** gebruik selfspot? ................. [1]

**(f)** het die meeste ambisie? ................. [1]

**(g)** verdedig die sport teen kritiek? ................. [1]

**(h)** beskryf hoe spelers beweeg? ................. [1]

**(i)** beoefen die sport hoofsaaklik vir terapeutiese redes? ................. [1]

[Totaal: 9]

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

**Oefening 3**

Lees die artikel oor 'n student wat 'n interessante app ontwikkel het. Voltooi dan die aantekeninge.

**IT-entrepreneur help werksoekers**

Nuraan Parker, 'n sagtewareontwikkelaar van KwaZulu-Natal, het 'n datavrye app ontwerp wat werksoekers help om werk te kry.

**Content removed due to copyright restrictions.**

Ek verstaan dat dit nie maklik gaan wees nie, maar hulle motiveer my," sê sy trots.

Uit: *Die Burger*, 30 Desember 2022

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

**Jy gaan 'n praatjie oor Nuraan se app in die klas lewer. Gebruik woorde uit die artikel om jou te help om aantekeninge te maak.**

**Maak kort aantekeninge onder elke opskrif. Die eerste aantekening is vir jou gemaak.**

**Vraag 8**

Mense wat Nuraan geïnspireer het:

*Haar oom*

- ..............................................................................................................................
- ..............................................................................................................................

[2]

**Vraag 9**

Maniere waarop Nuraan haar app gefinansier het:

- ..............................................................................................................................
- ..............................................................................................................................

[2]

**Vraag 10**

**Drie** voordele van Nuraan se app vir werksoekers:

- ..............................................................................................................................
- ..............................................................................................................................
- ..............................................................................................................................

[3]

[Totaal: 7]

© UCLES 2025



DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

## Oefening 4

Lees die artikel oor skole waar kinders leer om skaatsplank te ry. Beantwoord dan die vrae wat volg.

### Skaatsskole – van Kaboel na Johannesburg



Die Australiese navorser en skaatsplankryer Oliver Percovich het in 2007 met drie skaatsplanke na Afganistan gereis. Hy het sy skaatsplanke vir 'n paar kinders geleen en gou besef dit doen hulle baie goed om skaatsplank te ry.

Twee jaar later stig hy toe die eerste *Skate-istan*-skool in Kaboel in Afganistan, waar kinders skaatsplankry, skoolgaan en leer om krities na die wêreld te kyk. Daardie jaar het 120 kinders leer skaats. Die skool was só gewild dat nog 'n skool in dié land geopen is, en ook een in Kambodja.

Die eerste Suid-Afrikaanse Skateistan-skool is in 2016 in Johannesburg gevestig. Tony Hawk, wat dalk die bekendste skaatsplankryer ter wêreld is, het die openingseremonie bygewoon en die skool amptelik geopen. Mbali Mthethwa, bestuurder by dié skool, vertel dat hulle aan kinders in die middae 'n veilige plek bied.

"Daar is baie van ons kinders wat uit arm huise kom. Hier by ons kan kinders ontwikkel, belangrike lewenslesse leer en boonop pret hê," sê sy. Die skool neem kinders van vyf tot 18 jaar in. Meer as 900 kinders kom klop elke maand hier aan.

"Amper die helfte van die kinders is meisies. Ons het dae wanneer ons net meisies leer skaatsplankry," sê Mbali. "Dit is veral om vir hulle 'n veilige ruimte te gee om te leer en te ontwikkel. Dit is natuurlik 'n bonus as die meisies bemagtig voel en besef hulle is nie minderwaardig nie."

Anders as in die eerste drie Skateistan-skole, word programme hier net ná skoolure aangebied. Daar is vier fokusgebiede: kinders leer skaats, hulle kry hulp met skoolwerk, hulle ontwikkel leierskapvaardighede, en hulle raak betrokke by die gemeenskap. "Ons het studieleiers hier wat help met enigiets van wetenskap tot drama tot Afrikaans en Engels," vertel Mbali.

"Baie van ons kinders sit alleen by die huis omdat hul ouers werk en daar is niemand wat hulle kan help met huiswerk nie. Hier leer hulle deur pret. Hulle leer byvoorbeeld skaak speel en in die nasorgsentrum kan die kleuters met blokkies speel en verf terwyl die ouer kinders toertjies op hul skaatsplanke oefen. Ons doel met ons programme is eintlik om van die kinders kritiese denkers met oop koppe te maak wat eendag leiers in die land kan wees," sê Mbali.

"Ek is al vyf jaar lank hier," sê die 15-jarige Siyethemba Matshalilanga. "Ek kon glad nie skaatsplankry nie. Ek bly hier naby en was maar verveeld, en toe hoor ek van my vriende het by Skateistan aangesluit. Behalwe dat ek 'n nuwe vaardigheid geleer het en iets doen wat ek geniet, kry ek ook hulp met my huiswerk en skooltake. My punte het baie verbeter vandat ek hier aangesluit het. Ek het ook toegang tot 'n rekenaar en internet – iets wat ek nie normaalweg het nie."



DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

Die skool se mentors staan skoolverlaters by en gee leiding wanneer hulle toekomsplanne moet maak. Van die kinders word uiteindelik ook jeugwerkers.

Die 20-jarige Michael Nduwa, wat vier jaar gelede nog ’n leerling was, is een van die mentors. Hy leer die jongklomp van empatie en ubuntu. “Hier kan elke kind selfvertroue ontwikkel. Dit is een van die belangrikste dinge wat ek hier geleer het: Om myself en ander lief te hê.”

Mbali voeg by: “Daar is niks so bevredigend as om te sien hoe kinders groei nie, en die blydskap op hul gesigte as hulle ’n skaatsplanktoertjie regkry.”

Uit: *Taalgenoot*, Somer 2021

**Kies die korrekte antwoord, A, B, of C, deur ’n regmerkie (✓) in die blokkie langs jou keuse te maak.**

**11** Wat wys dat die eerste Skateistan-skool suksesvol was?

**A** Kinders wou Percovich se skaatsplanke leen. ☐

**B** 120 kinders wou leer skaats. ☐

**C** ’n Tweede skool is in Afganistan gestig. ☐

[1]

**12** Die Skateistan-skool in Johannesburg is deur

**A** Percovich geopen. ☐

**B** Tony Hawk gestig. ☐

**C** Mthethwa gelei. ☐

[1]

**13** Vir die Skateistan-skool is dit die belangrikste dat meisies

**A** pret het. ☐

**B** veilig voel. ☐

**C** in hulleself glo. ☐

[1]

**14** Hoe verskil die Skateistan-skool in Johannesburg van ander Skateistan-skole?

**A** Daar is ewe veel seuns en meisies. ☐

**B** Kinders gaan nie heeldag daar skool nie. ☐

**C** Hulle leer kinders om krities te dink. ☐

[1]


© UCLES 2025

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

**15** Hoe het Siyethemba se lewe verander?

**A** Hy het nuwe vriende gemaak. ☐

**B** Hy het beter op skool gedoen. ☐

**C** Hy het nou tuis internettoegang. ☐

[1]

**16** Die hoofdoel van hierdie artikel is om

**A** bewustheid van die Skateistan-skole se werk te bevorder. ☐

**B** volledige inligting oor die Skateistan-skole se geskiedenis te gee. ☐

**C** skaatsplankryers aan te moedig om meer Skateistan-skole te stig. ☐

[1]

[Totaal: 6]

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

**BLAAI OM VIR OEFENING 5**

© UCLES 2025

## Oefening 5

### Vraag 17



'n Familielid het jou genooi om vir 'n naweek saam met hulle na 'n baie spesiale plek te gaan. Jy het egter reeds ander planne wat jy nie graag wil verander nie.

**Skryf 'n e-pos aan 'n maat oor jou probleem.**

In jou e-pos moet jy:

- sê waarheen jou familielid jou genooi het en waarom die plek spesiaal is.
- verduidelik watter planne jy reeds het en waarom jy dit nie wil verander nie.
- beskryf hoe jy die probleem gaan hanteer.

**Jou e-pos moet tussen 120 en 160 woorde lank wees.**

Jy sal tot 6 punte vir die inhoud van jou e-pos en tot 9 punte vir jou taalgebruik kry.

DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

[15]

## Oefening 6

### Vraag 18

Jou skool se natuurklub het onlangs aan ’n skolekonferensie oor die omgewing deelgeneem. Die organiseerders wil leerders se mening oor die konferensie hoor. Jy is gevra om ’n verslag te skryf.

**In jou verslag moet jy noem wat jy omtrent die konferensie oor die omgewing geniet het, én voorstel hoe dit verbeter kan word.**

Hier is kommentaar van leerders in jou natuurklub:

Dit was lekker om te hoor wat ander skole vir die omgewing doen.

Dis jammer dat daar nie genoeg praktiese wenke bespreek is nie.

Dit was baie goed om kans te kry om te praat oor wat ons skool reeds doen om die omgewing te help.

Daar was ongelukkig nie genoeg inligting oor klimaatverandering nie.

**Skryf nou jou verslag oor die konferensie vir die organiseerders.**

Die kommentaar hierbo kan vir jou idees gee, en jy kan van jou eie idees gebruik.

**Skryf tussen 120 en 160 woorde.**

Jy sal tot 6 punte vir die inhoud van jou verslag en tot 9 punte vir jou taalgebruik kry.

© UCLES 2025


DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

[15]



DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN

BLANK PAGE

Permission to reproduce items where third-party owned material protected by copyright is included has been sought and cleared where possible. Every reasonable effort has been made by the publisher (UCLES) to trace copyright holders, but if any items requiring clearance have unwittingly been included, the publisher will be pleased to make amends at the earliest possible opportunity.

To avoid the issue of disclosure of answer-related information to candidates, all copyright acknowledgements are reproduced online in the Cambridge Assessment International Education Copyright Acknowledgements Booklet. This is produced for each series of examinations and is freely available to download at www.cambridgeinternational.org after the live examination series.

Cambridge Assessment International Education is part of Cambridge Assessment. Cambridge Assessment is the brand name of the University of Cambridge Local Examinations Syndicate (UCLES), which is a department of the University of Cambridge.



DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN
DO NOT WRITE IN THIS MARGIN